**HOËRSKOOL VREDENBURG**

**AFRIKAANS EAT**

**TAAK 5**

**JUNIE 2022**

**TYD: 2 uur**

**GRAAD 8** **PUNTE: 60**

**EKSAMINATOR: M.BEZANT**

**MODERATOR: U.BEIROWSKI**

**E.VAN DER MERWE**

**L.CRAILL**

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

**AFDELING A: LEESBEGRIP & VISUELE TEKS (30 PUNTE)**

**AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES (20 PUNTE)**

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.
4. Begin elke **AFDELING** op 'n **NUWE** bladsy.
5. NOMMER jou antwoorde presies soos in die vraestel.
6. Laat 'n reël OOP tussen die antwoorde.
7. Skryf NETJIES en TAALKUNDIG korrek.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

**Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**TEKS A**

# 14-jarige steel harte noot vir noot.

**Carl Thomas**

Nadat hy homself leer klavier speel het, is ’n video van ’n 14-jarige seun van Durbanville se eerste openbare optrede in die Table Bay-winkelsentrum naby Sunningdale wyd op sosiale media versprei.

Joshua en sy pa, Emmanuel (47), sê hulle is albei aangenaam verras oor die terugvoering ná Joshua se optrede.

In die video het Joshua “River Flows in You” deur Yiruma gespeel.

Die oorspronklike video wat op Facebook geplaas is, is al meer as 1 100 keer gedeel met ongeveer 29 000 mense wat daarna gekyk het.

Emmanuel sê Joshua het homself deur video’s op YouTube leer klavier speel. “Ek en my vrou kan nie musiekinstrumente bespeel nie. Ons luister wel baie na klassieke musiek. Dit is waar Joshua se passie vir die klavier begin ontwikkel het,” sê hy.

Emmanuel sê hulle het ongeveer agt maande gelede vir hom ’n klavier gekoop.

Joshua word tuis onderrig en volg die Cambridge-kurrikulum. Hy is die oudste van vier kinders.

Volgens Emmanuel speel hy al klavier sedert hy ses jaar oud is.

“Ons het vir hom ’n speelklavier gekoop toe hy nog klein was. Hy luister ook al sedert sy geboorte na die klassieke musiek wat ons speel.”

Joshua het op 14 November in die Table Bay-winkelsentrum gespeel.

Hulle het vooraf na plekke gesoek wat openbare klaviere het. Die Table Bay-sentrum het na hulle toe teruggekom, en hulle het daarheen gegaan sodat Joshua kon speel om sy selfvertroue op te bou.

“Ek was verras oor hoe mense in die winkelsentrum gereageer het en selfs nog meer verras toe ek sien hoe mense op sosiale media aangaan,” sê Emmanuel.

“Mense het begin huil en wou hom drukkies gee. Weens Covid-19-regulasies het ek dit nie toegelaat nie.”

Hy sê Joshua het verlede Saterdag weer by die Table Bay-winkelsentrum gaan speel.

Joshua sê hy was baie senuagtig om in die openbaar te speel, maar sy ouers se aanmoediging het hom laat deurdruk.

“Ek was baie bly toe ek sien hoe die mense gaan staan om na my te luister. Nie baie mense luister na klassieke musiek nie,” sê hy.

Hy hou van klassieke musiek omdat dit hom help om te konsentreer en te ontspan.

“Toe ek sien hoe mense op sosiale media reageer, was ek geskok. Ek het nie gedink ek is so goed nie. Ek het net heeltyd geoefen,” sê Joshua.

Hy sê hy wil eendag professioneel klavier speel.

Emmanuel sê sy seun is ’n goeie voorbeeld vir sy jonger susters en broer.

Hoewel dit nog nie amptelik is nie, het Emmanuel ook verneem dat weldoeners Joshua ’n musiekbeurs wil aanbied danksy die video wat so wyd versprei is.

“Hy is baie hardwerkend en gefokus. ’n Mens kan sien hy wil goed vaar in die lewe,” sê Emmanuel.

***Netwerk24* [453 woorde]**

1.1 Dink jy dat Joshua ’n natuurlike talent vir klavierspeel het? Ja of Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

1.2 Waar het hy vir die eerste keer opgetree? (1)

1.3 Hoe het Joshua en sy pa oor die terugvoering gevoel? Haal TWEE woorde aan as jou antwoord (1)

1.4 Wat is die naam van die liedjie wat Joshua gespeel het? (1)

1.5 Hoe het Joshua homself leer klavier speel? (1)

1.6 Sê of die volgende **WAAR** of **ONWAAR** is. Gee ’n rede vir jou antwoord.

*Joshua se ouers is talentvolle musikante*. (1)

1.7 Na watter tipe musiek luister Joshua en sy ouers? (1)

1.8 Watter geskenk het Joshua se ouers vir hom gekoop? (1)

1.9 Sê of jy met die onderstaande stelling saamstem of nie. Gee ’n rede vir jou antwoord.

*Joshua het baie maatjies by die skool.* (1)

1.10 Watter tipe klavier het die Table Bay-sentrum? Haal EEN woord aan as antwoord. (1)

1.11 Waarom wou Joshua by die Table Bay-sentrum klavier gaan speel? (1)

1.12 Noem TWEE dinge waaroor Joshua se pa verbaas was. (2)

1.13 Hoe weet jy dat die mense emosioneel geraak het tydens Joshua se vertoning? (1)

1.14 Waarom kon hulle nie vir Joshua drukkies gee nie? (1)

1.15 Haal EEN woord aan wat sê dat Joshua bang was om in die openbaar te speel. (1)

1.16 Wat het vir Joshua moed gegee om aan te hou speel? (1)

1.17 Noem TWEE voordele van klassieke musiek vir Joshua. (2)

1.18 Noem EEN rede waarom jy Joshua kan bewonder. (1)

[20]

**VISUELE TEKS: ADVERTENSIE**

**Die vrae wat volg is op die advertensie hieronder gebaseer.**

**TEKS B**




1.19 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. (1)

Die woorde ***"WEN MET KUIER!"*** in die opskrif van die advertensie is 'n voorbeeld van **(stereotipering/manipulerende taal).**

1.20 Waaruit kan ons aflei dat die vrou moedeloos is? Bespreek twee voorbeelde om die afleiding te staaf. . (2)

1.21 Wat kan jy in hierdie kompetisie wen? (1)

1.22 Wat moet jy doen om deel te kan neem aan hierdie kompetisie? (1)

1.23 Noem **TWEE** maniere hoe die woord "WEN!" beklemtoon word. (2)

1.24 Wie is die borg van hierdie advertensie? (1)

1.25 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

1.26 Waarom, dink jy, het die vrou se motor gaan staan? (1)

[10]

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**


**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2:**

- Skryf SEWE (7) FEITE neer oor hoe jy van vlieë ontslae kan raak.
- Skryf jou **SEWE FEITE** puntsgewys onder mekaar neer.
- Jy moet EEN sin oor elke FEIT skryf.
- Laat 'n reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming moet ongeveer 50-60 woorde wees.
- Dui die aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 60 woorde skryf.

**TEKS C**

# Raak só ontslae van huisvlieë



***1 Maart 2021***

1 Vlieë is ongelukkig onwelkome huisgaste. Vlieë in die huis kan frustrerend wees.

Cleanipedia het die volgende voorstelle om vinnig van huisvlieë ontslae te raak:

2 Maak seker die oppervlakte in jou kombuis is skoon. Produkte soos Handy Andy is ideaal om oppervlakke in die kombuis higiënies te hou.

3 Was jou skottelgoed nadat jy dit gebruik het en moenie kos vir lang tye op die toonbank laat staan nie.

4 Vlieë wat om asblikke draai, kan irriterend wees. Jy moet voedselafval so vinnig as moontlik uit die huis verwyder.

5 Vlieë hou glad nie van die reuk van kokende asyn nie, wat dit 'n uitstekende afskrikmiddel maak. Giet 'n bietjie asyn in 'n pot of 'n pan, laat dit kook, en siedaar jou onwelkome gaste wil skielik met alle mag en krag uit die huis ontsnap.

6 Jy kan jou eie vlieëvanger maak met 'n pot, suikerwater en 'n papierkegel. Die suiker lok die vlieë en die pot en die kegel maak dit onmoontlik vir die vlieë om te ontsnap.

7 Oorweeg dit om vliegpapier te koop met 'n geur wat vlieë lok. Die vlieë sal dan op die plakpapier vassit, sodat jy dit maklik kan verwyder.

8 Vlieë kan sommige plante nie verdra nie. Jy kan 'n kruisementplant langs jou deur, venster of op die kombuis se toonbank plaas terwyl jy besig is om groente en vleis op te sny om jou onwelkome gaste in hulle spore te stuit.

**[Verwerk uit Maroela Media]**

**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3:**

Bestudeer die onderstaande teks en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

# Tiener skep gratis app vir gestremde sus



Della Caldor. (Foto: Freespeech.com) 4 Januarie 2022

ŉ Tiener van Texas in Amerika wou sy gestremde sussie so graag help om te kommunikeer dat hy sy eie gratis app op die internet geskep het om juis dít te kan doen.

Haar gesin het al verskeie apparate gekoop in die hoop dat dit Della sou help om met hulle te "praat". "Dit was egter baie teleurstellend. Sy het geweier om die eerste toestel, wat ons vir haar gekoop het, te gebruik en het die tweede een sommer gou gebreek," het Della se ma gesê.

Die koste van die toestelle het boonop die gesin se sak geruk.

"My suster wil kommunikeer soos alle ander mense," sê Archer. Daarom het hy sy kennis en vaardighede van kodering ingespan om die app te ontwikkel. Enigiemand met toegang tot die internet kan nou gratis gebruik maak van Freespeech.

"Dit het haar ŉ ruk geneem om die app te verstaan, maar ons kan reeds sien hoe Freespeech haar meer by die familie se gesprekke betrek," het Caitlan aan CNN gesê.

**Maroela Media**

3.1 Skryf die onderstaande sin in die **TEENWOORDIGE TYD**.

ŉ Tiener wou sy gestremde sussie so graag help. (1)

3.2 Skryf die onderstaande sin in die **TOEKOMENDE TYD**.

Hy het sy eie gratis app op die internet geskep. (1)

3.3 Skryf die onderstaande sin in die **ONTKENNENDE VORM**.

Haar gesin het al verskeie apparate gekoop. (1)

3.4 Skryf die onderstaande sin in die **INDIREKTE REDE**.

Haar ouers sê: "Dit was egter baie teleurstellend." (1)

3.5 Skryf die onderstaande sin oor en begin soos aangedui.

Sy het die tweede een sommer gou gebreek.

**Begin so**: Die tweede een.... (1)

3.6 Sê of die volgende sin **denotatief** of **konnotatief** gebruik word.

Die koste van die toestelle het boonop die gesin se sak geruk. (1)

3.7 Skryf die onderstaande sin oor en begin soos aangedui.

My suster wil soos alle ander mense kommunikeer.

**Begin so**: My suster behoort ..... (1)

3.8 Skryf die onderstaande sin in die **LYDENDE VORM**.

Hy het sy kennis van kodering ingespan.

**Begin so**: Sy kennis van kodering is...... (1)

3.9 Skryf die onderstaande sin in die **ONTKENNENDE VORM**.

Enigiemand kan nou gratis gebruik maak van Freespeech. (1)

3.10 Skryf die onderstaande sin oor en begin soos aangedui.

Dit het ’n ruk geneem om die app te verstaan.

**Begin so**: Om die app te verstaan, ... (1)

**[10]**

**VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE**

Beantwoord die onderstaande vrae.

**TEKS E**

# Seun (12) maak kortfilm oor bendegeweld ná pa sterf.



Carl Thomas (Tristine Amerika. Foto: Verskaf)

’n Seun van Atlantis, Kaapstad, het ’n 4.1 (kortfilm) oor die “sinneloosheid van bendegeweld ” gemaak en dit op YouTube gelaai.

Die kortfilm, getiteld *Cycle of Violence*, wys hoe ’n groep seuns besig is om te dobbel. ’n Ander groep kom daar aan en ’n onderonsie ontstaan. Dan ruk een van die seuns ’n 4.2 (**vuurwapen**) uit en begin skiet.

Tristine, wat vanjaar in 4.3 (**gr.**) 7 in Protea Park Primêr was, sê hy wou die kortfilm maak om aan bendes te wys hulle moet ophou 4.4 (**met wat**) hulle besig is. “Hulle 4.5 (**besteel/gesteel**) mense en skiet mense onnodig dood.”

Sy vriende het as 4.6 (**akteurs**) opgetree en hy het 4.7 (**somer/sommer**) die video op sy selfoon geskiet.

“Ek hoor baie kere skote afgaan hier in Dura, dan is ek 4.8 (**bang**). Ek lê plat op my kooi as dit gebeur. ”

Tristine wil eendag ’n 4.9 (**rolprent+maker**) word en wil rolprente maak wat wys daar is ’n lig aan die einde van die 4.10 (**brug/tonnel**).

**[Verwerk uit Netwerk24]**

4.1 Gee die **VERKLEININGSVORM** van die woord tussen hakies. (1)

4.2 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies. (1)

4.3 Skryf die **AFKORTING** tussen hakies in een woord. (1)

4.4 Gee die **KORREKTE** vorm van die **BETREKLIKE VOORNAAMWOORD** tussen hakies. (1)

4.5 Kies die **KORREKTE WERKWOORD** tussen hakies. (1)

4.6 Gee die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die woord tussen hakies. (1)

4.7 Kies die **KORREKTE WOORD** tussen hakies. (1)

4.8 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies. (1)

4.9 Vorm 'n **SAMESTELLING** met die woorde tussen hakies. (1)

4.10 Kies die **KORREKTE WOORD** tussen hakies. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 20 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 60**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: NASIENRIGLYNE**

**TEKS A: ARTIKEL**

| | | | 20% | 20% | 40% | 20% | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
| 1.1 | Ja. Hy het homself leer speel.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.2 | Table Bay winkelsentrum✓ (naby Sunningdale)✓ | 1 | 1 | | | | |
| 1.3 | "aangenaam verras"✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.4 | River Flows in you.✓ | 1 | 1 | | | | |
| 1.5 | Deur video's op You Tube✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.6 | Onwaar. Ek en my vrou kan nie musiekinstrumente bespeel nie.✓ | 1 | 1 | | | | |
| 1.7 | Klassieke musiek✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.8 | 'n klavier✓ | 1 | 1 | | | | |
| 1.9 | Hy word tuis onderrig✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.10 | "openbare"✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.11 | Hy wou sy selfvertroue opbou.✓ | 1 | | | | 1 | |
| 1.12 | Hy was verras oor hoe mense in die winkelsentrum gereageer het.✓<br>Oor hoe mense op sosiale media aangegaan/reageer het.✓ | 2 | | | | 2 | |
| 1.13 | Hulle het begin huil✓./ Hulle wou hom drukkies gee.✓ | 1 | | | | 1 | |
| 1.14 | Dit was teen/weens die Covid-regulasies.✓/Die Covid-regulasies het dit nie toegelaat nie.✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.15 | senuweagtig✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.16 | Sy ouers se aanmoediging.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.17 | Dit het hom help konsentreer✓ en ontspan.✓ | 2 | | | 2 | | |
| 1.18 | Hy is hardwerkend/gefokus/ kan goed klavier speel.✓ | 1 | | 1 | | | |
| | | **20** | 4 | 7 | 5 | 4 | |

## VRAAG 2 : NASIENRIGLYNE

## TEKS B : ADVERTENSIE

| | | | 20% | 20% | 40% | 20% | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
| 1.19 | Manipulerende taal✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.20 | Sy frons/glimlag nie.✓<br>Haar hande is op haar heupe.✓ | 2 | | | 1 | | |
| 1.21 | R2500-geskenkbewys van Battery centre.✓ (Moet volledig wees om punt te verdien.) | 1 | | 1 | | | |
| 1.22 | Jy moet jou snaaksste oomblik toe jy vasgevang/vasgekeer was/met jou motor gesukkel het, in die kommentaarveld deel✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.23 | Drukskrif/Groot lettertipe✓/Uitroepteken✓ | 2 | | | 2 | | |
| 1.24 | Battery Centre✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.25 | Vrouense/mense wat ’n nuwe battery benodig.✓Mense met motor probleme.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.26 | Haar battery was pap.✓ | 1 | | | 1 | | |
| | | | | 1 | 8 | 1 | |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

**AFDELING B: OPSOMMING**

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| **1** | Vlieë is ongelukkig onwelkome huisgaste. Vlieë in die huis kan frustrerend wees. | GEEN FEIT NIE |
| **2** | Maak seker die oppervlakke in jou kombuis is skoon. Produkte soos Handy Andy is ideaal om oppervlakke in die kombuis higiënies te hou. | Jy moet seker maak die oppervlakke in jou huis is skoon./Maak oppervlakke in jou huis met Handy Andy skoon. |
| **3** | Was jou skottelgoed nadat jy dit gebruik het en moenie kos vir lang tye op die toonbank laat staan nie. | Jy moet jou skottelgoed was nadat jy dit gebruik het./Moenie jou kos op toonbanke laat staan nie. |
| **4** | Vlieë wat om asblikke draai, kan irriterend wees. Jy moet voedselafval so vinnig as moontlik uit die huis verwyder. | Verwyder voedsel afval uit die huis. |
| **5** | Giet 'n bietjie asyn in 'n pot of 'n pan, laat dit kook, en siedaar jou onwelkome gaste wil skielik met alle mag en krag uit die huis ontsnap. | Kook asyn in 'n pot. Gekookde asyn hou vlieë weg. |
| **6** | Jy kan jou eie vlieëvanger maak met 'n pot, suikerwater en 'n papierkegel. | Maak jou eie vlieëvanger met suikerwater en 'n kegel. |
| **7** | Oorweeg dit om vliegpapier te koop met 'n geur wat vlieë lok. | Koop vliegpapier wat vlieë lok. |
| **8** | Jy kan 'n kruisementplant langs jou deur, venster of op die kombuis se toonbank plaas terwyl jy besig is om groente en vleis op te sny om jou onwelkome gaste in hulle spore te stuit. | Plaas kruisement naby jou kombuis/kookarea/kombuisdeur/venster/op toonbank. |
| | **ENIGE SEWE FEITE** | **7 + 3 = 10** |

**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

**AFDELING C: SINSTRUKTURE**

**VRAAG 3: NASIENRIGLYNE**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 20% | 20% | 40% | 20% | |
| | | | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
| 3.1 | 'n Tiener wil sy gestremde sussie so graag help.✓ | 1 | 1 | | | | |
| 3.2 | Hy sal sy eie gratis app op die internet skep.✓ | 1 | | 1 | | | |
| 3.3 | Haar gesin het nog nie verskeie aparate gekoop nie.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 3.4 | Haar ouers sê dat dit egter baie teleurstellend was./Haar ouers sê dit was baie teleurstellend.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 3.5 | Die tweede een het sy sommer gou gebreek.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 3.6 | konnotatief✓ | 1 | | | 1 | | |
| 3.7 | My suster behoort soos alle ander mense te kommunikeer.✓ | 1 | | | | 1 | |
| 3.8 | Sy kennis van kodering is <u>deur hom ingespan</u>.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 3.9 | Niemand kan nou gebruik maak van Freespeech nie.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 3.10 | Om die app te verstaan, het 'n ruk geneem.✓ | 1 | | | 1 | | |
| | | 10 | 1 | 1 | 7 | 1 | |

## AFDELING D: WOORDSTRUKTURE

## VRAAG 4: NASIENRIGLYNE

| | | | 20% | 20% | 40% | 20% | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
| 4.1 | kortfilmpie✓ | 1 | 1 | | | | |
| 4.2 | vuurwapens✓ | 1 | 1 | | | | |
| 4.3 | graad✓ | 1 | 1 | | | | |
| 4.4 | waarmee✓ | 1 | | 1 | | | |
| 4.5 | besteel✓ | 1 | | 1 | | | |
| 4.6 | aktrise✓ | 1 | | 1 | | | |
| 4.7 | sommer✓ | 1 | | | 1 | | |
| 4.8 | doodbang✓ | 1 | | | 1 | | |
| 4.9 | rolprentmaker✓ | 1 | | 1 | | | |
| 4.10 | tonnel✓ | 1 | | | | 1 | |
| | | **10** | 3 | 4 | 2 | 1 | |

**TOTAAL AFDELING C: 20 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 60 PUNTE**